# DIE WEDERVARINGS VAN 'N OUD-ONDERWYSER TYDENS DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899-1902 — IV

*Vaalkrans*

As gevolg van die neerlae, het daar 'n verandering in die opperbevel oor die Britse troepe in Suid-Afrika plaasgevind, en word sir Redvers Buller deur lord Roberts opgevolg. In bevel van 'n leër wat in 'n verbrokkelde toestand verkeer het, ontvang Buller, nou as ondergeskikte, bevel om nie te talm nie, maar om onverwyld in 'n hernieude aanslag, die vyand die genadeslag toe te dien. Hierdie aanslag sou op die Johannesburgse kommando te lande kom en dit sou koes en pareer kos om die aanslae af te weer.

Deur 'n onderbreking in die rantereeks, vertoon Vaalkrans, 'n plat koppie, dáár 'n afgeknotte punt. Met dié koppie as bopunt, het die Johannesburgse kommando langs die Tugela af op verskeie punte posisie ingeneem. Aangesien die koppie binne gerieflike afstand van ons laer geleë was, is korporaal Tully aangesê om dit met behulp van 'n korporaalskap van dertig voetgangers te beset.

Deur die maneuwers van die vyand aan die oorkant van die Tugela opmerksaam gemaak, kon die Van der Byl-veldkornetskap op ontvangs van die berig dat die Engelse Vaalkrans aanval, onmiddellik gehoor gee aan die bevel om saam met ander kommando-afdelings, steun te gaan verleen. Kanon- en kleingeweervuur het vir die soveelste keer die aanvang van 'n geveg aangekondig. Met 'n gevoel van jammerte vir die groepie burgers op die koppie, het ons kortpad gekies oor 'n oop vlakte wat aan die Engelse artilleriste 'n gunstige oomblik gebied het om na hartelus die geledere van die voortjaende burgers uit te dun — gelukkig egter, sonder enige sukses.

Van 'n sloot wat na aan ons laer was en in die rigting van Vaalkrans gestrek het, kon die Johannesburgers, by hulle aankoms op die gevegsterrein, gebruik maak om te voet voort te beweeg tot waar die sloot 'n elmboog vorm. Van hierdie punt af was Vaalkrans betreklik naby geleë. Die skuins wal van die sloot, het as borswering en gedeeltelike beskutting teen die rond en bont trekkende skerwe van barstende bomme gedien.

Hierdie sloot het die rigting aangewys vir 'n voortrukkende Engelse leër. Om met 'n deurbraak te kon slaag, moes die afdelings van die Johannesburgse kommando eers weggevee word. Vandaar die hewige kanonnade met liddietbomme. Ben Viljoen, kommandant van die Johannesburgse kommando (later in die oorlog Assistent Kommandant-generaal), het die bombardement deur ons op 5 Februarie in die slag van Vaalkrans verduur, beskryf as die hewigste van die hele oorlog. Na afloop van die geveg, het hy, as gevolg van harsingskudding, vir 'n geruime tyd aan hewige hoofpyn gely.

Met 'n leërmag, verdeel in twee afsonderlike afdelings en onder aanvoering van die Engelse generaals Lyttleton en Wynne, het die veldslag

vroeg in die môre van 5 Februarie in aanvang geneem. Op hoë rante en op 'n langwerpige plat kop, het die vyand se kanonne die rante waar die Boeremagte moontlik in posisie kon wees en ook Vaalkrans, bestook, terwyl 'n troepemag onder genl. Wynne besig was om met behulp van 'n pontonbrug die rivier by Pontdrif oor te steek. Pontdrif was deel van die posisies wat aan die Vrystaters toevertrou was.

Met sy hele leërafdeling, het genl. Wynne die rivieroewer aan die kant van die Boere bereik. Vanuit hul posisies, gesteun deur twee Krupp-kanonne, bespied die Vrystaters die aanmars van die soldate. Uiteindelik is hulle binne trefafstand. Met die vinger op die sneller, ontwaak die weerstandbiedende krygsman-burger en haal sy voltreffers hul slagoffers binne. Vir die Engelse infanterie is die opgelegde taak onuitvoerbaar. Gevolglik word daar besluit om van voorafaan in nog groter felheid van liddietbomme gebruik te maak.

Hoewel nukkerig en omgekrap, want ongevalle het die erns van die toestand benadruk, was die Vrystaters nog springlewendig en weer op hul plek om die stryd teen die aanstormende troepemag te hervat. Met sy voorhoede neergevel in reekse, en enkelinge binne trefafstand ook platgetrek, besef die vyand dat 'n gewisse neerlaag hom weer in die gesig staar. Gevolglik word die bevel om terug te trek gegee, en ook vinnig uitgevoer.

Hierdie aanval op die stellings in die hande van die Vrystaters, was in werklikheid 'n voorafbeplande skynbeweging om die aandag van Vaalkrans af te trek, want die hoofdoel van die aanval teen die Boeremagte langs die oewers van die Tugelarivier, was om 'n deurbraak na Ladysmith te bewerkstellig. Net soos in die geval van Spioenkop, was dit veronderstel dat indien Vaalkrans in die hande van 'n Engelse leërmag val, die toegang tot die beleërde vesting, wawyd oopgespalk sou wees.

Lyttleton, die Engelse genl. aan wie die verowering van Vaalkrans opgedra was, het van die beplande probeerslag deur genl. Wynne aan die gang gesit, voordelige gebruik gemaak om sy troepemag van 3,000 manskappe met behulp van 'n pontonbrug naby Skietdrif oor die rivier te sit.

Gesteun deur 'n aantal Standertonners wat in 'n posisie betreklik naby en links van Vaalkrans was, gelas kpl. Tully sy dertig voetgangers om met doodtreffers los te brand op die vyand. Vanaf hierdie oomblik ontbrand die stryd meer bepaaldelik om besit van die koppie. Die magte teenmekaar in slagorde opgestel, het aan Engelse kant bestaan uit 3,000 manskappe met 36 kanonne, en die burgers wat saamgestel was uit die korporaalskap van dertig voetgangers op die koppie, die groepie Standertonners in 'n posisie kortby, en regvoor in 'n sloot, die enkele Johannesburgse kommando. Wat getalsterkte betref kon die Boere ook nie veel vertoon met hul grofgeskut maak nie, aangesien hulle slegs beskik het oor twee Kruppkanonne, een vestingkanon en een Maxim-Nordenfeldt. By die afvuur van lg., was kmdt. Ben Viljoen gewoonlik byderhand. Dit was dan ongeveer die sterkte van die teenoormekaaropgestelde magte op 5

Februarie — die eerste dag van die botsing. Vanaf die aand en gedurende die nag het versterkings met die koms van genl. Botha opgedaag, bestaande uit kommando-afdelings en grofgeskut.

Intussen het die Engelse kanonniers 'n orkaan van ontploffende liddietbomme op die kruin van Vaalkrans en op die ander Boereposisies, neergeslinger.

Hoelank die verset op die koppie geduur het, was ons nooit in staat om vas te stel nie, aangesien die korporaalskap van Tully daar uitgewis is. Die feit dat in hul patroonbande geen oorblywende patroon gevind is nie, het ons die versekering gegee dat hulle volhard het in hul weerstand totdat hulle ammunisie gedaan was. Na afloop van die slag moes ons die lyke van drie-en-twintig burgers begrawe en het aangeneem dat die orige agt deur die Engelse meegevoer is.

Met die weerstand vernietig, kon die Engelse mag die verowerde Vaalkrans beset en dadelik 'n begin maak met die aanbou van skanse en ander beskuttings. Gedurende die nag van 5 Februarie, is daar dan ook seker hard geswoeg om die noodsaaklikste werk op die koppie te voltooi. Die verowerde posisie was voorbestem om as 'n steunpunt te dien, want met die aanbreek van die môre van 6 Februarie, sou, volgens plan, voortgegaan word met die opmars om uitredding aan Ladysmith te bring.

Maar die offisiere van die Boeremagte, met Louis Botha weer in hulle midde om leiding te neem, het wel deeglik besef watter ambisieuse planne die Engelse generaal in die skild voer. Gevolglik is daar geen tyd verspeel om gedurende die nag van 5 Februarie, sekere doeltreffende teenmaatreëls te tref nie. Met dagbreek die volgende môre, kon daar in aanskouing van wat aan Boerekant tot stand gebring is, 'n sug van verligting geslaak word. Aan Engelse kant het genl. Lyttleton ook niks ongedaan gelaat om aan sy planne vir 6 Februarie uitvoering te gee nie. Alles was gereed vir die verpletterende „stoot vorentoe", waarmee binne enkele oomblikke 'n aanvang gemaak sou word.

'n „Stoot vorentoe" van die Engelse leër sou reg op die sloot afkom waarin die Johannesburgers skuiling gevind het. Met die doel om so 'n voorwaartse beweging af te weer, was die slootposisie aan ons toevertrou. Verbysterd as gevolg van die bombardement van die vorige dag, mag dit betwyfel word of ons nog helderdenkende wesens was. Indien 'n mens se uithouvermoë deur sekere onbeskryflike gebeurtenisse oorskry word, tree daar 'n toestand van geestesverstomping in en vind alle handelings in 'n groot mate werktuiglik plaas.

In klofies verskuil, maar sekuur reggestel en beman deur die Staatsartillerie van Transvaal, wag 'n paar Boerekanonne op die aanbreek van 'n afgesproke moment. In posisies oor die rante versprei, sit burgers wat van verskillende punte hierheen aangesnel gekom het, gereed met die mauser in die hand. Weens sy geringe hoogte, word Vaalkrans deur omringende koppe en rante — nou nog in hande van die Boere — oorheers. Net reggeplaas om vanuit drie rigtings onder kruisvuur geneem te word,

lê die kruin van die koppie en sy hange, oortrek van rondbewegende kakiefigure, oop en bloot op trefbare afstand.

In die bedrywighede van die Boere gedurende die afgelope nag, het genl. Lyttleton waarskynlik maar min belanggestel, so oortuigend verseker was hy van sy stewige houvas op die verowerde steunpunt. Eers toe bomme vanuit verskillende rigtings op sy blootgestelde troepe neergeslinger word, het hy sy toestand begin besef. Deur ondervinding geleer dat 'n tromp-op bestorming van 'n Boerestelling tot 'n volslae mislukking gedoem is, en bewus van die feit dat die ligging van die verowerde koppie geheel ongeskik is as uitgangspunt vir 'n omtrekkende beweging, het daar vir genl. Lyttleton geen ander aanvalswapen oorgebly, as net sy grofgeskut nie. Die aanwending daarvan het weer in hoogste tempo, ure lank voortgeduur. Die hoofoogmerk van hierdie bombardement, was om die kanonne van die Staatsartillerie, die swye op te lê. Maar om 'n kanon wat onder toesig van Louis Botha versteek is, te tref, het 'n kennis vereis waaroor die Engelse kanonniers nie beskik het nie. Onder sulke omstandighede kon genl. Lyttleton gevolglik op geen doeltreffende wapen die hand lê, om aan die bloedige slagting paal en perk te stel nie.

Volkome magteloos en in besit van 'n troepemag en aanvalswapens wat in sulke omstandighede ondoeltreffend bevind is, moes genl. Lyttleton die gedagte aan 'n „stoot vorentoe" laat vaar, en die prys betaal vir die verowering van Vaalkrans, in die niet sien verdwyn. Om gehoor te gee aan die onafwendbare noodsaaklikheid om die posisie te ontruim, was die enigste uitweg om aan 'n algehele uitwissing te ontkom.

In kennis gestel van die voorneme om Vaalkrans in 'n stormloop te herower, het die Johannesburgers vanaf ligdag op die môre van 8 Februarie in die sloot gereed gestaan om uitvoering te gee aan dié bevel. Verkenners het egter betyds tot die ontdekking gekom dat die vyand die koppie gedurende die nag van 7 Februarie ontruim het, en onder dekking van kanonne, vinnig besig was om terug te val.

C. J. Blom.